Poësie Pouse met 'n Koppie Koffie

Ditjies & Datjies, Plus 'n Veertjie
Saam Ah, Willa! & VRIENDE
https://www.willa.co.za

# EPISODE 18

# Waar daar liefde is - is daar vrede!



SCAN ME

Ah, Willa! & VRIENDE

**Besoek ons web**

https://www.willa.co.za

Poësie Pouse met 'n Koppie Koffie

# 'n Maandelikse Diggooi

Ditjies & Datjies, Plus 'n Veertjie
saam Ah, Willa! & VRIENDE
https://www.willa.co.za

## Aanbieder:

Ah, Willa! & VRIENDE



**Besoek ons web**

https://www.willa.co.za

Poësie Pouse met 'n Koppie Koffie

## Hierdie week
## in Episode 18

# Waar daar liefde is - is daar vrede!

Aanbieder:

Ah, Willa! & VRIENDE

KOM LUISTER EN LEES SAAM

PRAG GEDIGTE EN GEDAGTES
VIR 28 FEBRUARIE 2024

ALLES TOT DIE EER VAN
ONS HELMELSE VADER!

Ditjies & Datjies, Plus 'n Veertjie saam Ah, Willa! & VRIENDE https://www.willa.co.za



**Besoek ons web**

https://www.willa.co.za

Ditjies & Datjies, Plus 'n Veertjie saam Ah, Willa! & VRIENDE https://www.willa.co.za

love

# INHOUD

Hello Julle

Vandag kronkel ons gedagtes rondom die liefde: die liefde van God vir die mens, die mens se liefde vir God en die mens se liefde vir mekaar...


- Openingsgebed - Jani Kahts
- My kaalvoet liefdes gedig © Angelique Kemp
- In die lag van 'n kind © Jani Kahts
- Vergifnisliefde © Glenn Kahts
- Rugsak © Anri Human
- Liefde © M'Hennie
- **1 Korintiërs 13 - Anri Human & Carel Basson**
- Maanlig aande © Jani Kahts
- God se kleur is liefde © Ah,Willa!
- Wolkbreuk © Anri Human
- Liefdesvrede © Glenn Kahts
- Ek wag vir jou, My kind! © Ah,Willa!
- Onbeperkte Liefde - 'n gebed © M'Hennie
- Slot gebed - Jani Kahts
- Dan nog 'n hele paar ditjies en datjies vir jou om te weet ...

# Luister na ons @

## Klik of die teks of logo's

op Spotify

Spotify®

Of direk op ons webtuiste

Ah, Willa! & VRIENDE









WhatsApp/Telegram Willa @ 0729054393

https://www.willa.co.za

# Openingsgebed deur  Jani Kahts

Here, dankie vir die nuwe dag,
nuwe lewe en nuwe liefde.
Dankie dat ons die liefde
en die vrede kan na jaag.
Dankie dat U liefde in
ons harte uitgestort is
deur die Heilige Gees,
en dat U ons vredemakers kan noem.
Mag die potgooi en die gedigte
ons aanmoedig om
U en ons naaste
liewer te hê as ooit tevore.
Amen



Ditjies & Datjies, Plus 'n Veertjie
saam
Ah, Willa! & VRIENDE
https://www.willa.co.za

© Angelique Kemp



## Kaalvoet liefdes gedig

Waar daar geloof is, daar is vryheid
magtiger as begeerte;
Waar daar vryheid is, daar is vertroue
magtiger as verbintenis;
Waar daar vertroue is, daar is lewe
magtiger as die dood;
Waar die lewe is, daar is hoop
magtiger as verlies;
Waar daar hoop is, daar is God
magtiger as toewyding.
Waar daar God is, daar is die liefde
magtiger as verloëning;
Waar daar liefde is, daar is vrede
magtiger as versoening.

**© Angelique Kemp**



© Jani Kahts



## In die lag van 'n kind

In die lag van 'n kind;
dis oë wat blink,
dis sterre wat skitter,
en liefde wat oorborrel...

In die lag van 'n kind,
lyk die toekoms so blink...
Jy raak verlore in die oomblik,
die liefde op jou hart gemik.

Dis klein vet wangetjies,
dons haartjies,
en woelige handjies.
Dis liefde wat oorborrel!

Jy probeer elke oomblik vasvang -
Die handjies wat uitstrek
om jou nader te trek.
Die beentjies wat skop van
opgewondenheid.
Die laggie wat uit die maag uit
opborrel...

In die lag van 'n kind,
het ek vrede gevind.
In die lag van 'n kind,
het ek lewe gevind.
In die lag van 'n kind,
het ek vreugde gevind.

Ek wil elke oomblik
vir ewig in my geheue vasbind...

© Jani Kahts



# Poësie Pouse met 'n Koppie Koffie

© Glenn Kahts



**Vergifnisliefde.**

Hemel Vader, aan my het U iets openbaar.
Iets soooo wonderlik, maar 100% waar!
U praktiese Liefde vir ons die mens,
Gee ons blywende VREDE!
Ver bokant enige mens se wens!

U Liefde vir ons is so eenvoudig, tog so diep!
Op ons het U dit mildelik uitgegiet!
Deur U Seun se sterwe aan die kruis,
het U, U LIEFDE aan ons kom wys!

Deur Jesus se kruisdood het U vir ons kom sê,
hoe ons U VREDE binne ons kan hê.
U straf U Seun vir ons sonde teen U gedoen.
U Vergewe ons sonde, ons is met U versoen!

Die grootste liefdesgeskenk wat U aan ons gee,
is U vergifnis wat ons sonde 100% wegvee!
Die grootste liefdesgeskenk wat ons ons vyand kan gee,
is ons vergifnis, om hul sonde teen ons weg te vee!

En in hierdie vergifnis gee ons Heilige Gees
vir ons die wonderlikste VREDE wat daar kan wees!
'n Vrede wat ons hele wese oorspoel.
Mens! Dis mos Vader se eindlose liefdesdoel!

Vader, vir ewig wil ons U loof en prys!
Laat ons lofgesange ewig tot U verrys!
My Vrede in U liefde sal altyd vir my
die kosbaarste ding op hierdie aarde bly!

DANKIE!!! Hallelujah!

**© Glenn Kahts**



**Gedig voorgelees deur: Willa Truter**

**Redaksie: Anri Human, Jani Kahts, Ah,Willa!**

**WhatsApp/Telegram Willa @ 0729054393**

https://www.willa.co.za

Ah, Willa! &VRIENDE




## Rugsak

Los jou sware sak,
by My deur-
Vergeet vir nou,
dink daaraan nie weer.

Ek verwyder die las,
soos oos van wes.
Jy hoef nie alleen te dra,
dis reeds gedoen!
Al wat dit verg,
is dat jy moet vra...

My genade is,
elke dag nuut,
en met elke sonsondergang
sal Ek jou weer dra.

**© Anri Human**

2006-08-11 (Hersien 14/01/2024)



Gedig voorgelees deur: Willa Truter

Redaksie: Anri Human, Jani Kahts, Ah,Willa!

WhatsApp/Telegram Willa @ 0729054393

https://www.willa.co.za

© M'Hennie



**LIefde**

In Gods liefde is vergiffenis, meer as wat jy kan dink,
soos wat Jesus aan die kruishout doen, as die dood Hom wink.
Waar kry jy 'n meer treffender bewys van die liefde van God,
as Jesus Christus as vervloekte aan die kruis vir jou en my lot?
Daardie liefde het Hom doodgemaak, wat sonder sonde was -
doodgemaak sodat dié wat in Hom glo; wat in sonde was,
vrygespreek is deur God, ons Vader, wat ons eerste liefgehad het –
vrygespreek tot 'n nuwe lewe wat sý dood vermag het.
Liefde kan nooit gekoop word nie, daarom is dit so baie waard.*
Die hoogste oorwinning lê in die liefde – dis God se aard.
Die liefde is geduldig, vriendelik, nie jaloers, sal nie groot praat nie.
Die liefde is nie verwaand, word nie verbitterd, of sommer net kwaad nie.

Slegs die liefde is onsterflik en bly na geloof en hoop.
Slegs die liefde maak die ewigheid se deur vir jou oop.
Vir jou, o mens, met jou kortstondige bestaan hier op aarde,
wat smag na liefde met heel jou wese – dis al van waarde!
Kennis maak 'n mens verwaand, maar die liefde - dit bou net op.
Liefde doen die naaste geen kwaad nie - dis soos God se hart klop.
Liefde kom van God, want God is liefde! Só moet jy dan liefhê,
met heel jou hart, siel, krag en verstand soos God se Woord vir ons sê.
"God is liefde! Juig ons harte"; lui die oeroue gesang.
Hierdie liefde, wat volmaak is, is ál wat God van ons verlang.
Jou geloof, en kennis, en gawes help jou niks nie
as daar nie van God se soort liefde 'n blye bewys in jou is nie.

Die Here omhels jou, vertroetel jou en versorg jou
soos die appel van sy oog, ja, Hy't eerste lief vir jou.
Jou vermoë om lief te hê, hang af van die mate waarin
jy God toelaat om jou eerste lief te hê – maak dit sin?
En sý liefde vir ons bewys Hy daarin dat Hy sy enigste Seun
na die wêreld gestuur het - die Woord tot seën,
sodat ons deur Hom, Jesus ons Heer, die lewe kan hê.
En Hy sterf aan 'n kruis vir almal wat in sonde nog lê.
'n Nuwe gebod kry ons nou van Jesus, ons Heiland en Hoof:
Ons moet mekaar liefhê soos Hý vir ons het – jy moet dit beloof:
Dat dié liefde jou dwing om tot lewe te kom; onbeperk
en dis net sy Gees wat dié liefde in ons hart kan bewerk.

Here Jesus, u liefde gaan my verstand te bowe, ja, weet
dat ek u grootste liefdesdaad so nimmer as nooit sal vergeet!
As ek dan liefhet soos u Woord my dit leer, is Gods Wet
in liefde vervul, en hoef ek nie na eie verdienste te let...

**© M'Hennie**
*(waard = werd – digters vryheid)



Gedig voorgelees deur: Willa Truter
Redaksie: Anri Human, Jani Kahts, Ah,Willa!

WhatsApp/Telegram Willa @ 0729054393

https://www.willa.co.za

## 1 KORINTIËRS 13

## Die liefde

Nou wys ek julle wat nog die allerbeste is:
Al praat ek die tale van mense en engele,
maar ek het geen liefde nie,
het ek 'n stuk klinkende metaal,
'n galmende simbaal geword.

Al het ek die gawe van profesie
en ken ek al die geheimenisse
en besit ek al die kennis,
en al het ek al die geloof om berge te versit,
maar ek het geen liefde nie, dan is ek niks.

Al deel ek al wat ek het aan ander uit,
en al gee ek my liggaam prys
om my daarop te kan beroem,
maar ek het geen liefde nie,
baat dit my niks.

Die liefde is geduldig,
die liefde is vriendelik;
dit is nie afgunstig nie,
is nie grootpraterig nie,
is nie verwaand nie.

Dit handel nie onwelvoeglik nie,
soek nie sy eie belang nie,
is nie liggeraak nie,
hou nie boek van die kwaad nie.

Dit verbly hom nie
oor onreg nie,
maar verheug hom
oor die waarheid.

Dit bedek alles,
glo alles,
hoop alles,
verdra alles.

Die liefde vergaan nooit nie,
maar die gawe van profesie sal verdwyn,
die gawe om ongewone tale en klanke te gebruik, sal ophou,
en dié van kennis sal uitgedien raak.

Want ons ken maar gedeeltelik,
en ons profeteer maar gedeeltelik,
maar wanneer die volledige kom,
sal wat gedeeltelik is, uitgedien wees.

Toe ek 'n kind was,
het ek gepraat soos 'n kind,
gedink soos 'n kind,
geredeneer soos 'n kind.
Maar noudat ek 'n man is,
is ek klaar met die dinge van 'n kind.

Nou kyk ons nog
in 'n dowwe spieël en sien 'n raaiselagtige beeld,
maar eendag sal ons alles sien soos dit werklik is.
Nou ken ek net gedeeltelik,
maar eendag sal ek ten volle ken soos God my ten volle ken.

En nou:
geloof, hoop en liefde bly, hierdie drie.
En die grootste hiervan is
die liefde!



Gedig voorgelees deur: Willa Truter
Redaksie: Anri Human, Jani Kahts, Ah,Willa!

WhatsApp/Telegram Willa @ 0729054393
https://www.willa.co.za

© Jani Kahts



## Maanlig aande

Maanlig stappies, en roos boorde,
fontein wense en musiek akkoorde...
Laataand oproepe,
en vlinders op die maag,
giggelbekkies en hartjie ogies
wanneer hy aan my raak...

Die liefde is gelukkig,
vriendelik, vreugdevol
en vol vrede...

Of is dit?

Dit is sterf in myself,
ag hom hoër as myself,
wees die minste...

Dit is, 'jammer' sê;
JY is dit werd!
Dit is opbouende woorde,
om hom te versterk...

Liefde is mooi,
in die maanlig aande -
wanneer ek besef -
baklei gebeur soms,
maar JY het meer waarde...

**© Jani Kahts**



©♫♥Ah,Willa!♥♫

# God se kleur is liefde

'n Hele paar maanlig aande gelede,
het God die wêreld kom inkleur
met liefde en lag in die vorm van jou!!
Ek dank ons Vader dat Hy dit goed gedink het,
dat jou babavoetjies kon groei tot vandag en
dat jou lag ook oorborrel in my lewe.
Mag jy 'n prag dag vol mooi beleef!!

© ♫~♥Ah,Willa!♥~♫

Anri Human



## Wolkbreuk

Weg is die werklikheid...
terwyl ek saggies langs jou kom sit,
en my hande vou,
terwyl my hart in sy stiltes swyg.
Jy bly tuur in die verte-
dan gebeur
dit...

Die mis kom suutjies nader,
om jou gelaatstrekke te oortrek,
en skielik-
begin dit saggies reën,
en terwyl ek toekyk:
breek elke emosiewolk oop,
om sy inhoud vry te laat,
gevange gehou vir soveel jare...

Waar kry suurreën sy bron-
borrel dit uit die gestalte van elke menshart,
elke herinnering,
vergete vir die ope-
maar ‘n werklikheid,
vir die dieptes van ‘n binneste?

Mag dit reën en nie ophou,
tot elke deel van jou woestynvlakte gevoed is,
tot elke wond gereinig en genees is-
en die wolke heen kan gaan,
om sodoende die son te laat deurbreek.

**© Anri Human**
2006-10-02 (Hersien 14/01/2024)



**Gedig voorgelees deur: Willa Truter**
**Redaksie: Anri Human, Jani Kahts, Ah,Willa!**

**WhatsApp/Telegram Willa @ 0729054393**
https://www.willa.co.za

© Glenn Kahts



## Liefdesvrede.

Snaaks, as ek dink aan my kinder jare,
toe ek nog jonk was en onervare,
het my lewe net om my eie ek gegaan.
Ek alleen was die een wat bestaan.

As beheervraat was ek nogal kwaai.
My selfsug het die mense afgemaai.
Baie keer moes ek pakslae kry,
want ek moes ag gee vir ander om my!

Mense het nie regtig van my gehou,
in onvrede moes ek harde bene kou.
Toe ontmoet ek ‘n man en het getrou,
maar in depressie word ek toegevou.

Hemel Vader, vir my het U nie bestaan.
Deur ’n Boeddhistiese boek het U my gevang!
Vir tien maande het U my deur U Bybel laat reis,
‘n miljoen ligjaar ver, tot in U Vaderhuis!

Here Jesus, U liefde vir my is onbeskryflik groot!
Die beleef daarvan laat ALTYD trane loop!
My wese is in U liefde toegevou.
My liefdesvrede in U sal nooit ophou!

In U Vader, Here Jesus en Gees,
dis daar waar ek altyd wil wees.
Laat U LIEFDESVREDE, Here Jesus, Heilige Gees,
vir ewig in die harte van dié wie U liefhet,
‘n liefdesfees vir altyd moet wees!

Hallelujah!  Amen!

**© Glenn Kahts**



**Gedig voorgelees deur: Willa Truter**
**Redaksie: Anri Human, Jani Kahts, Ah,Willa!**

**WhatsApp/Telegram Willa @ 0729054393**
https://www.willa.co.za

©♫♥Ah,Willa!♥♫



# Ek wag vir jou, My kind!

Goue warm liefde;
dís waarmee Ek jou
op aarde kom omvou.
Goue strate is wat Ek
vir  jóú voorberei!
Ek wag vir jou; My kind!

© ♫~♥Ah,Willa!♥~♫



Gedig voorgelees deur: Willa Truter
Redaksie: Anri Human, Jani Kahts, Ah,Willa!
WhatsApp/Telegram Willa @ 0729054393
https://www.willa.co.za

Ah, Willa! & VRIENDE

© M'Hennie



## Onbeperkte LIefde - 'n gebed

Heilige God, u onbeskryflike liefde ken geen perke nie
U't my só liefgehad dat U u Seun gegee het
om die bitt're lydensweg te loop van die tuin van Getsemane;
van Getsemane tot by die kruis waar Hy gesterf het.
Ja, u liefde ken geen perke nie.

Here Jesus, vir my oortredings is U deurboor op Golgota;
vir my sondes is U verbrysel. Die straf wat vir my
vrede moes bring, was op U – U't dit als gedra.
En deur u wonde het daar genesing gekom - vir my.
Ja, u liefde ken geen perke nie.

U was verag en deur die mense verstoot, geslaan, bespot.
U het die lydingsmart beleef. Dít was ook vir my!
Vir my! Ek raak duiselig as ek daaraan dink, o God.
U't u liefde daardeur bewys – dié liefde het vir mý gely!
Ja, u liefde ken geen perke nie.

Van Golgota tot by die graf het ek U gevolg, Here,
van die graf na die glorie van u opstanding deur Gods Gees.
U't gaan sit aan Gods regterhand, verhewe Jesus, Here.
Was u liefde dan tevergeefs vir die wêreld gewees?
Ja, u liefde ken geen perke nie.

Nee, Heer, u liefde was nie vir mý tevergeefs nie,
want ek het U as my Verlosser aangeneem, Here.
Aan almal wat U aangeneem het - ja, net vir U,
het U die reg gegee om kinders van God te word, Here.
Ja, u liefde ken geen perke nie!.

Amen

**© M'Hennie**



## Slot Gebed deur Jani Kahts

Dankie Pappa Vader
dat U ons so lief gehad het,
dat U, U seun Jesus gestuur het
om ons sondes te kom skoonwas
met Sy bloed,
sodat ons in versoening en vrede
met U en met mekaar kan leef.
Mag ons uitgaan en daardie liefde aan
almal om ons bewys
om hulle sodoende
nader aan U te trek...

Amen



Wil jy gedigte deel, voorlees of redigeer?
Sluit dan by ons WhatsApp groep aan.
Kliek hier

Do you want to share, edit or recite poems?
Join our WhatsApp group.
Click here

of

Gaan na ons LinkTree
vir al ons skakels,
Klik hier

# Poësie Pouse met 'n Koppie Koffie

## Vandag se Voorleesers

Click op die foto om meer oor elkeen te lees

Sanet Potgieter



André Truter



Anri Human




Carel Basson



Jani Kahts



Angelo Titus



Willa Truter



## Vandag se Gedagtes & Gebede

**1 KORINTIËRS 13 Die liefde**

Jani Kahts



Carel Basson



Anri Human



# Poësie Pouse met 'n Koppie Koffie

## Ons Redakasie en Ontwerp Span:

Jani Kahts



Redakteur en ontwerp

Anri Human



Redakteur

Willa Truter



Redakteur en ontwerp

André Truter



Redakteur en Tegnies

WhatsApp/Telegram Willa @ 0729054393

https://www.willa.co.za

Ah, Willa! & VRIENDE

**Poësie Pouse met 'n Koppie Koffie**

# Agtergrond Musiek

Ditjies & Datjies, Plus 'n Veertjie saam Ah, Willa! & VRIENDE https://www.willa.co.za

## Ons is dankbaar vir die kunstenaars

# Gevind op: Pixalbay

**Die musiek in hierdie episode is Endless by PrabajithK van Pixalbay, e-pos asseblief navrae na willa@willa.co.za**



Ah, Willa! & VRIENDE



WhatsApp/Telegram Willa @ 0729054393

https://www.willa.co.za

Ah, Willa! & VRIENDE

Poësie Pouse met 'n Koppie Koffie

Ditjies & Datjies, Plus 'n Veertjie

saam Ah, Willa! & VRIENDE

https://www.willa.co.za

SCAN ME

# Tot volgende keer - mooi loop!

Ah, Willa! & VRIENDE





WhatsApp/Telegram Willa @ 0729054393

https://www.willa.co.za

Ah, Willa! & VRIENDE